

Boodskap vir Sondag 7 Junie 2020

Gegroet vanuit die pastorie

Ons mag weer eredienste hou, aldus die vlak 3 inperking, maar die regulasies daaraan gekoppel vernietig omtrent die volle waarde daarvan. Tog is ons besig om te kyk hoe en waar en miskien wanneer ons weer volwaardige erediens sal kan hou. Maandag kom die kerkraad bymekaar om die saak deur te dink. Ons sal vir almal laat weet wanneer daar weer 'n erediens gehou sal word. Intussen kan kleingroepe en selfs wyke reël om byeen te kom. In elk geval – hier volg die boodskap vir Sondag 7 Junie.

Mense begin al meer agterkom dat halwe-gesigte mense weg hou van die lekkerte van samesyn. Die maskers wat ons dra word 'n verdere inperkende faktor saam met die virus-vreesagtigheid en ekonomiese versmoring. Mense wat ek hier en daar raakloop vertel hulle mis die samesyn van Sondag en ook die atmosfeer van erediens – let op nié die boodskap nié. Mense is sosiale wesens met sintuie wat gebeurde wil beleef. Dit is bekende inligting wat al oeroud is, maar nou dwing die situasie ons om dieper te dink.

Die eerste keer toe ek dit gehoor het, het dit my tot in my sokkies geskok. Die laaste keer was as 'n aanhaling, maar oorspronklik is dit toegedig aan die filosoof Søren Kierkegaard. Dit is die siening dat mense uit die kerk wegloop op soek na God. Tydens een of ander eksamen wat ek op 'n slag voor 'n paar eksaminatore en geleerdes moes aflê, het een van hulle net een klem geopenbaar en dit was hoe belangrik dit is om te weet waar elke ding in die Bybel staan en vers en kapittel so. Dit het my laat dink aan die spreuk dat *om jou maaltafels te ken, nog nie waarborg dat jy kan somme maak nie*.

Die kerk is nou Sondag toegesluit en eensaam leeg, maar verklein ook al jare stadig maar seker. Dieselfde Kierkegaard het in sy eie tyd die kwaad-gemaakte mense gevra of dit dalk die mense buite die kerk is wat maak die mense uit die kerk wegloop? Soos ek met mense praat en ook uit die pastorale spreekkamer-gesprekke verneem, is mense keelvol vir Bybelversies en konsepte wat geen voete het nie. Hoewel hulle na die sterre wil gryp, wil hulle die blomme by hulle voete ook beleef.

Die lewe vra nie 'n studeerkamer-geheue wat versies na Paulus of Koning Agab verwys nie, maar 'n oop hart om die volle lewe te beleef. Met konsepte en persepsies *wil ons ons ryk plant, maar so oes ons ons bankrot*, aldus 'n Germaanse spreekwoord van baie jare terug. Die bekende filosoof, Johan Degenaar, maak die punt dat ons *vir baie lank probeer het om van mense Christene te maak; nou moet ons weer van Christene probeer mense maak*. Dis 'n hele skoppelmaai-bedryf.

Die skeppings-gedeeltes in die Bybel kan as geldende beskou word vir alle mense oor alle tye. As mensdom is ons, aldus dié gedeeltes, uitstekend geplaas om onself ten volle uit te leef. Eden is inderwaarheid in ons en die fontein wat in ons ontspring, moet ons laat vloei deur al sy vertakkings. Die gesindheid, insig, middele en geleenthede wat daarvoor nodig is, is tot ons beskikking – dis ons verantwoordelikheid om dit te bedryf. Elkeen het 'n bepaalde identiteit, 'n persoonlikheid, 'n selfbewussyn en dit omsirkel jou soos die metaforiese riviere van Eden die betrokke gebiede omhels. Die skepping is so beplan dat ontelbare moontlikhede tot 'n suksesvolle lewe beskikbaar is. Soos Oscar Wilde dit met sy tong onderstreep: 'n Mens se reikwydte moet sy strekwydte oorskry of hoekom is die hemel dan daar?

Dis eers as mens iets verloor, dat jy sy waarde besef. Halwe-gesig mense laat ons verlang na die volle mens wat ons nie net sien nie, maar ook hoor en voel. Antjie Krog verbeeld dit in een van haar gedigte: ..

*net iemand om aan te vat in die donker, om twee toebroodjies voor te maak en te roep vir ete ... 'n Toe kerkdeur maak ons besef dat 'n groot deel van kerkwees miskien oorbodig is, dat ons eintlik net die atmosfeer van God soek, net die aanraking van 'n mens wil beleef. Miskien is dit een van die insigte wat deel van die oorsake belig hoekom so baie mense wegloop van kerklikheid. Wat dit eintlik benadruk, is dat mense nie godsdiens soek nie, maar spiritualiteit. Daarvan loop min mense weg.*

*Paulus het hierdie ding sien kom al meer as 2000 jaar terug: Rom 8:14-35ev // Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! 'n Kind wil sy pa ken, sy pa hoor, beleef, vertrou en sy wysheid en hulp aanvaar. Dit is hoekom ons nie hou van ons fisiese en geestelike maskers nie; ons soek die beleving met ons hemelse Vader en met sy kinders op aarde. In hierdie gemaskerde tyd kan ons weet dat ons kan weet dat niks ons kan skei van die liefde van Christus nie - nie verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of swaard nie. Ons is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.*

Die Skrifgedeelte het natuurlik ook 'n anderkant. Dit is dat 'n pa ook na sy kinders verlang, met hulle tyd wil spandeer, wil sien hoe hulle ontwikkel en hulle in gemeensaamheid wil liefde gee. Godsdiens is dikwels eenrigting verkeer, maar spiritualiteit is hoë spoed twee rigting kommunikasie in die hoogste formaat. Wat met die hemel presies bedoel word, is bo ons vuurmaakplek, maar om met Jesus te gesels is so eenvoudig as om jou hart oop te maak. Daarom kan ons gerieflik maklik deur die werking van die Heilige Gees roep en praat met ons Abba Vader wat so naby aan ons is soos ons gedagtes. Om dit te beleef, moet jy dit begeer.

Het ons die samesyn van gelowiges nodig? Ja, beslis, nes ons mekaar nodig het en God nodig het. Selfs toe kerkdeure kan dit nie van ons wegneem nie en ook nie maskers nie. Maar ook nie verdrukking of benoudheid of vervolging of gevaar of die corona-swaard nie. Die kerk is nie in die eerste plek 'n gebou nie, maar ons verhouding met ons skepper en medemense. En dié soort van kerk is dit waarna ons verlang en waarsonder ons halwe mense is. Ek sluit met 'n gedig van my beleving tydens 'n af naweek lank terug:

sondag nog vroeg verby skemer  
maan sonder kwaad gaan slaap  
hart vang berg kop onthou kerk  
koffietyd voëltjies gesels buite  
lus vir lofpsalms nie das baadjie  
hart soek berg belydenis blydschap  
kop bid godsdiens gebooi gesange  
kyk na die berge sien kerk  
sal etenstyd terug wees totsiens

terug hello hoe was kerk  
alleen gesit min mense verveeld  
kom ons eet koue vleis slaai gedek  
lekker gestap blomme jubel

dankie vir kos berg kerk mekaar amen  
wie't gepreek wat waaroor lydenstyd  
kos lekker kinders vies sondegskool  
middagslapie droom skepping verlossing  
son onder maan op oor berg

maandag verlang hulp  
tien afsprake leeg seer kwaad  
hemel aarde fynbos kerk  
tien afsprake lydenstyd  
hart sien Here oë mense  
tien afsprake geld liefde weg  
onthou berg psalms blomme  
tien afsprake oë op berge  
hulp kom van hemel en aarde

Amen